28 Julie 2014

Dr. Matete Madiba
Studentedekaan
Universiteit van Pretoria

Geagte dr. Madiba

TUKKIES-STUDENTE ROU OOR KOSHUISE

AfriForum Jeug en studente van die Universiteit van Pretoria (UP) is bekommerd oor die beplande veranderings aan koshuise en die nadelige gevolge wat dit vir studentelewe by die UP sal inhou. Alhoewel die beplande veranderings uitgestel is tot 2016 is dit steeds ons plig, as studenteorganisasie, om die veranderings teen te staan namens die studente wie se stemme deurlopend geïgnoreer word.

In die kis – wat die dood van koshuise en gesonde studentelewe simboliseer - sal u 1 600 handtekeninge van hoofsaaklik koshuisstudente vind wat die afgelope drie dae ingesamel is.

Met die ondertekening van dié memorandum ondersteun elke student die volgende:

- Die behoud van huidige koshuisstrukture.
- Die behoud van gesonde koshuistradisies.
- Dat die UP-bestuur studente-insette in ag sal neem in alle besluitnemingsprosesse.

Ons vertrou dat u, as Tukkies se studentedekaan, u plig sal nakom deur na die standpunte van die studente te luister en aandag aan hulle eise sal gee en sodoende studentelewe sal help red.

Die uwe

AfriForum Jeug en UP-studente
E-pos: jeug@afriforum.co.za